

Menseregte in die skadu van wetenskaplike rassisme

Faadiel Essop*

Ofskoon menseregte, gelykheid en waardigheid nou wêreldwyd verskans is – en selfs op Menseregtedag (21 Maart) in Suid-Afrika gevier word – ontstaan ’n belangrike vraag: Waarom kom rassisme so gereeld in ons samelewing voor?

Die lys is eindeloos: van swart sokkerspelers wat in Europa gespot en aan rassistiese skeltaal blootgestel word (<https://www.bbc.com/sport/football/articles/c4g82mr3l3vo>), tot Donald Trump wat ’n rassistiese video plaas wat Barack en Michelle Obama as ape uitbeeld (<https://www.bbc.com/news/articles/c74754j7qwgo>), asook die Israeliese adjunk-minister van verdediging, rabbi Eli Ben-Dahan, wat verklaar dat Palestyne “soos diere is, hulle is nie mense nie” (<https://www.timesofisrael.com/new-deputy-defense-minister-called-palestinians-animals/>).

As ’n biomediese navorser voer ek aan dat sulke denke nie bloot bliepe op die radar is nie, maar eerder diep ingewortel is en uit die konsep van wetenskaplike rassisme spruit wat oor die afgelope paar eeue ontwikkel het. Wetenskaplike rassisme, wat wortels in die koloniale era het, verwys na die misbruik van wetenskap ter regverdiging van die idee om rasgroepeerings (vanuit ’n biologiese perspektief) in ’n hiërargie te rangskik en om gelyktydig te dien as ’n ideologiese konstruk om “die ander” te verdruk en te onderwerp. Joel Garrod het hierdie verband opgemerk: “Die belangrike onderskeid tussen wetenskap en wetenskaplike rassisme is dat die skepping van aparte raskategorieë nie uitsluitlik ter wille van ’n biologiese klassifikasiesistelsel was nie, maar eerder van politieke middele ...” (<https://mjm.mcgill.ca/article/view/499>)..

Al het die koloniste hierdie land lankal verlaat, duur die strukturele nalatenskap van kolonialisme voort. Wanneer mens na ras kyk, val die onkritiese aanvaarding van raskategorisering met die gebrekkige oortuiging dat sulke verskille (byvoorbeeld wat betref hulle fisiologie, intellek en gedragseienskappe) wetenskaplik ondersteun word, onmiddellik op.

Richard Herrnstein en Charles Murray voer byvoorbeeld in *The Bell Curve* (https://books.google.co.za/books/about/The_Bell_Curve.html?id=xP5GAAAAMAAJ&redir_esc=y) ’n argument aan vir die (gedeeltelike) genetiese basis vir IK-verskille tussen sogenaamde rasse. Hulle voer aan dat sulke verskille op ’n hiërargiese wyse manifesteer, met swart mense onderaan die lys. Hierdie argument word aangevoer ondanks die bekende swak punte van sulke IK-toetse en die gebrekkige konsep van die bestaan van afsonderlike rasse vanuit ’n biologiese perspektief.

Niks kan verder van die waarheid verwyder wees nie. Hierdie gebrekkige argument is verwerp deur die Menslikegenoomprojek, wat onthul het dat alle mense – uit ’n genetiese perspektief – 99,9% dieselfde op die DNS-vlak is. Die leier van die projek, dr Francis Collins, se wêreldbekende woorde op 26 Junie 2000 in die Withuis was: “Ek is bly dat die enigste ras waaroor ons vandag praat, die menslike ras is.”

[\(https://retroreport.org/transcript/transcript-finding-the-code-the-race-to-sequence-the-human-genome-and-what-it-means/\)](https://retroreport.org/transcript/transcript-finding-the-code-the-race-to-sequence-the-human-genome-and-what-it-means/).

Die wortels van sodanige sienings en oortuigings strek diep. Sover ons weet, was die Sweedse taksonoom Carl Linneaus (1707-1778) die eerste wetenskaplike wat mense geklassifiseer het. Hy het hulle in vier afsonderlike “variëteite” gegroepeer, maar sonder enige hiërargie. Daarna het Johann Blumenbach, ’n Duitse geneesheer (1752-1840), mense in vyf rasse verdeel deur skedelverskille te ondersoek. Hy was die eerste wat die term “kaukasies” gebruik het, nadat hy “die perfekte skedel” in die Caucus-streek in hedendaagse Georgië gevind het.

Die Franse soöloog George Cuvier (1769-1832) het drie menslike rasse geïdentifiseer deur kraniometrieëse metings (evaluering van die gesigshoeke van skedels) te gebruik. Hy het kaukasiërs as die mees beskaafde ras beskou en het “negers” as aapagtig en barbaars gedefinieer. Voorts het dr Samuel Morton (1799-1851) kraniologie gebruik om die idee van wit meerderwaardigheid en swart minderwaardigheid te ondersteun. Hy het beweer swart mense het kleiner breine en is dus minder intelligent as hulle ligte eweknieë.

Sodanige denke het tot Sosiale Darwinisme en die konsep van “oorlewing van die sterkste” ontwikkel, soos dit in 1884 deur die Engelse sosioloog en filosoof Herbert Spencer beskryf is. Dit is egter nou op mense toegepas en het verdere regverdiging vir rashiërargieë, onderdrukking, uitbuiting en kolonialistiese imperatiewe verleen. Nog ’n Engelse wetenskaplike, Francis Galton (1822-1911), het geglo eienskappe soos intelligensie en moraliteit is oorerflik. Dít het die eugenetika-beweging voortgebring, wat ten doel gehad het om “ongeskikte” genetiese voorraad op ’n doelbewuste afstand te hou, aangesien huwelike tussen rasse die agteruitgang van wit mense sou meebring.

Dis noemenswaardig dat die konsep van eugenetika wydverspreid in Europa en Noord-Amerika voorgekom het (etlike dekades vóór Adolf Hitler op die toneel verskyn het). Talle kongresse is in groot stede daarvoor gehou en denke daarvoor is in toonangewende mediese tydskrifte gepubliseer. In die VSA is die Race Betterment Foundation byvoorbeeld in 1914 in Battle Creek (Michigan) gestig en dié stigting het etlike eugenetika-konferensies gereël en publikasies oor rasse-meerderwaardigheid versprei.

In 1905 het Karl Pearson, die vader van hedendaagse statistiek, gesê: “Wat ek oor slegte afkoms gesê het, lyk vir my geldig vir die laer mensrasse. Hoeveel eeue, hoeveel duisende jare lank het k*****s of n*****s nie groot distrikte in Afrika beheer nie, ongestoord deur wit mense? Tóg het stamgevegte nog nie ’n beskawing opgelewer wat enigsins met die Ariese stam vergelykbaar is nie. Mens kan hulle onderrig en koester hulle soos jy wil, maar ek glo nie jy sal daarin slaag om iets aan hulle afkoms te wysig nie.”

<https://media.bloomsbury.com/rep/files/Primary%20Source%2013.1%20-%20Pearson.pdf>).

Denke soos hierdie het na mediese navorsing en kliniese toepassings oorgespoel. Daar is byvoorbeeld 600 swart mans van die Macon-distrik in Alabama vir die Tuskegee-sifilisstudie (1932-1972) gewerf. Behandeling vir sifilis is teruggehou om die progressie van hierdie aftakelende siekte te ondersoek, ondanks die feit dat penisillienbehandeling beskikbaar was.

Dit het hartseer genoeg meer as 100 voorkombare sterftes en verhoogde morbiditeit en lyding van die oorlewendes meegebring.

Ander voorbeelde is die Joodse volksmoord deur Nazi-Duitsland en die gedwonge massasterilisasie van duisende vroue (meestal swart) in 32 state in die VSA wat as “ongeskik” beskou is om voort te plant. Ons sien ook tans ’n volksmoord in Gaza deur die etnoheerssugtige Israeliese regime. Sulke growwe skendings van menseregte is in die gebrekkige idee van wetenskaplike rassisme gewortel.

Net so het kliniese algoritmes wat gebruik word om die risiko vir die aanvang van siektes te bepaal, ’n rasfaktor ingesluit wat op gebrekkige begrippe van menslike fisiologie gegrond was. Voorbeelde is die longfunksie van swart mense wat 20% laer sou wees as dié van wit mense, of in die geval van chroniese niersiekte waar ’n rasfaktor in die kliniese algoritme beteken het dat mense met donker velle ’n diagnose ontvang het vir ’n minder ernstige fenotipe (stel sigbare eienskappe), al het hulle dieselfde vlakke van ’n sirkulerende biologiese merker (kreatinien) vertoon vergeleke met hulle eweknieë met ligte velle.

Dis opvallend dat rasgebaseerde algoritmes soos hierdie slegs gedurende die afgelope vyf jaar verander is. Maar soos die onlangse Covid 19-pandemie getoon het, duur wetenskaplike rassisme voort – byvoorbeeld deur die opgaar van entstowwe deur die Globale Noorde en die onwilligheid om patente met die Globale Suide te deel.

Hoe begin ons om sulke kwessies aan te pak om betekenisvolle en werklike verandering te bewerkstellig?

Eerstens moet kurrikulums by skole en tersiêre instellings hersien word om studente se bewustheid rakende die geskiedenis van wetenskaplike rassisme te verhoog en meer inheems-gebaseerde perspektiewe in te sluit. Sulke inisiatiewe is by die Universiteit Stellenbosch van stapel gestuur deur unieke modules vir nagraadse biomediese studente te ontwerp en sodanige inhoud aan tweedejaar- mediese studente te begin onderrig.

Tweedens moet daar groter billikheid rakende navorsingsamewerking tussen die Globale Noorde en Globale Suide wees. Finansierders moet byvoorbeeld voorkeur aan gesondheidsprioriteite wat op ons plaaslike kontekste toepaslik is, verleen en ons as gelyke navorsingsvennote behandel eerder as bloot ’n gebaar vir die skyn. Aangesien geneeskunde kunsmatige intelligensie toenemend vir diagnose en behandelingsopsies gebruik, moet bestaande datastelle derdens uitgebrei word omdat dit grootliks gegrond is op data wat in die Globale Noorde versamel is en deur die prisma van wetenskaplike rassisme verkry is.

Laastens moet navorsers wegbeweeg van ’n rasgebaseerde wetenskaplike benadering na ’n rasbewustheidsbenadering, en erken hoe strukturele rassisme bepaal waar groepe mense woon en hoe maatskaplike bepalers van gesondheid – soos besoedeling, sielkundige stres, strukturele rassisme, swak sanitasie en ’n gebrek aan behuising – gesondheid en welstand beïnvloed eerder as om dit verkeerdelik aan sogenaamde rasverskille toe te skryf.

**Prof Faadiel Essop is die Direkteur van die Sentrum vir Kardio-metaboliese Navorsing in Afrika (CARMA) aan die Universiteit Stellenbosch, Suid-Afrika, en die redakteur van die komende boekbundel Decolonizing Medical Education, Research and Practice.*